

12 September Johannes 13:31-35; (Teks: 13:35)

Kenmerk van 'n dissipel

Mense kan hul medemens só maklik 'n rat voor die oë draai. Ook ten opsigte van hulle navolging van die Here.

Tale, profesieë, kennis, duiwel-uitdrywery en kragte kan van groot nut wees in die kerk en as besondere gawes tot eer van God aangewend word. Dit kan egter ook voortkom uit skyngeloof en werkheiligheid. In uiterste gevalle kan dit selfs werke van die Satan wees, want hy doen hom dikwels voor as 'n engel van die lig. Hoe kan 'n mens dan verseker weet dat jy met 'n volgeling van die Here Christus te doen het en nie met 'n geslepe huigelaar nie?

Christus gee ons die antwoord: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het." Innige liefde tussen die broeders en susters is die kenteken van die ware geloof. Liefde wat lankmoedig en vriendelik is, wat min kritiseer en baie vergewe, wat kwaad nie toereken en nie verbitterd word nie. Liefde wat alles bedek en alles verdra.

As u lewe deur hierdie liefde gestempel en onderstreep word, sal almal duidelik weet dat hulle met 'n dissipel van Jesus Christus te doen het. Ook self sal u dit weet want u eie geloof word gewaarborg deur die vrugte daarvan. Die kosbaarste vrug van die geloof is om liefde onder mekaar te hê.

Sing: Skrifberyming 21:1,6

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)